VOORTREKKERDRAG

Doel

Sodat jy kan weet wat is die regte Voortrekkerdrag om by Voortrekkergeleenthede te dra en hoe dit moet lyk

Uitkomste

- Verduidelik vir jou ma hoe om die kentekens en ander simbole op die regte plekke op jou Voortrekkerdrag vas te werk
- Skep 'n geleentheid om aan 'n nie-Voortrekker te verduidelik wat elke kenteken en simbool op jou Voortrekkerdrag beteken

Doenwenke

- Maak 'n lys van geleenthede waar jy Voortrekkerdrag sou dra asook watter soort Voortrekkerdrag jy sou dra
- Maak self 'n rowwe skets van die onderbaadjie en teken die plek van elke kenteken op die regte plek

Slaggate

- As jy nie Voortrekkerdrag het nie
- As jou kentekens verkeerd vasgewerk is
- As jy nie weet wat die kentekens beteken of waarvoor jy dit gekry het nie

Kentekens op Erkenningsbaadjie van Verkenners

Regterkant:	Linkerkant
Groepkenteken	1. Voortrekkerwapen
Voorslag Penkop en Drawwertjie (*) Indien die kenteken verwerf is, kom dit 10mm van die onderkant van die groepkenteken af.	2. Gebiedswapen Die gebiedswapen kom 10mm van die onderkant van die Voortrekkerwapen af
ABC Toekenning Die kenteken kom 10mm van die onderkant van die Voorslagkenteken af en slegs die hoogste toekenning word gedra. Indien die lid nie die Voorslag verwerf het nie, kom die ABCkenteken 60mm van die onderkant van die Groepkenteken af..	3. Kommandonaam Die kommandonaam kom 10mm van die onderkant van die gebiedswapen af.
Spesiale Onderskeidingkentekens: Die dagbreekgraadwiel of die eerste verkenner SO kom in die middel, 10mm van die onderkant van die ABC kenteken af. Indien die lid nie die ABC kenteken dra nie, kom die eerste SO kenteken 50mm van die onderkant van die Voorslag kenteken af. Indien die lid nie die Voorslag verwerf het nie, en ook geen ABC kenteken dra nie, kom die eerste SO kenteken 100mm van die onderkant van die groepskenteken af. Verdere kentekens word soos hulle verwerf word, 10mm uitmekaar aangebring met die tweede kenteken naaste aan die knopekant van die baadjie. Die derde kenteken word die naaste aan die synaatkant van die baadjie aangebring. Die vierde, vyfde en sesde kentekens word onderskeidelik 10mm onder die eerste, tweede en derde kentekens aangebring.	4. Spankenteken Die Spankenteken kom 10mm van die onderkant van die kommandonaam af.

Die sewende kenteken word 10mm onder die vierde kenteken aangebring. Verdere kentekens word volgens dieselfde patroon aangebring.		
	5.	Rangkentekens: Die rangkentekens kom 10mm van die onderkant van die spankenteken af.
(*) Wanneer 'n Verkenner die hoofleierswagkenteken verwerf, word die Voorslag PD-kenteken verwyder. Die hoofleierswagkenteken kom dan in die plek daarvan. Dit is dus 10mm van die onderkant van die groepkenteken af. Die SO-kentekens en die graadwiele bly. Wanneer die presidentverkennerkenteken verwerf word, vervang dit die hoofleierswagkenteken.	6.	Getroue Diensjare: Die kenteken kom 10mm onderkant die rangkenteken. Indien geen rangkentekens gedra word nie, kom die jukskei en/of voorjuk 50mm van die onderkant van die spankenteken af. 1.Na een jaar getroue diens word 'n oranje jukskei gedra. 2. Na jaar twee word dit vervang met 'n groen jukskei, jaar drie met 'n blou jukskei en jaar vier met 'n rooi jukskei. 3. Na vyf jaar getroue diens word die jukskei met 'n oranje voorjuk vervang. 4. Na jaar ses word die voorjuk saam met die jukskei met die toepaslike kleur gedra. 5. Daarna word die voorjuk en die jukskei met die toepaslike kleure jaarliks aangepas. (Die voorjuk kom naaste aan die knope)
	7.	Graadwiele Die eerste graadwiel kom in die middel, 10mm van die onderkant van die getroue diens kenteken af. Die tweede graadwiel kom langs die eerste, 10 mm na die knopekant van die baadjie en die derde graadwiel kom langs die eerste graadwiel,10 mm na die synaatkant van die van die baadjie. Die vierde graadwiel kom 10mm onder die eerste graadwiel.

<u>Kentekens op Erkenningsbaadjie van Verkenners</u>

REGTERKANT LINKERKANT